Ges. 71: 1–3, 6 (?ys)
Ges. 62: 4
Ges. 118: 4

Die Nuwe Lewensgebod.
Joh. 13: 21–38
~~[illegible]~~
1 Joh. 4: 7–12.

Danksegging
het 23 Mrt 41 (ms)
Ds Petch 8 Feb. '59

Joh. 13: 34 – 'n Nuwe gebod gee Ek vir julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê.

Die diepere en kleinende betekenis agter elke Nagmaal kan alleen dan ten volle verstaan en uitgeleef word ~~as~~ wanneer ons eers terruggaan na daardie eerste aand in die bovertrek by die instelling v.d. eerste Nagmaal en ons probeer inleef in die gees, die stemming, die atmosfeer wat daar geheers het. Ons moet eers verstaan wat daar alles omgegaan het in die hart van Jesus, in die harte v.d. dissipels – ja ook in die hart van Judas – voordat ons ooit kan begryp wat die nuwe „verbond" in sy bloed ingestel en uiteen & uitgetoe Xtus [?] vir ons sy volle betekenis kry wanneer ons elke woord wat die aand gespreek is biddend lees, bestudeer en oordink.

Dit was dan ook in die stemming, in die gesindheid dat ons verlede week hier byme kaar was aan die tafel v.d. Heer: om opnuut 'n besef te kry van die betekenis vanuit a.d. tafel v.d. Heer: van die oneindige onmeetlike liefde van God vir elkeen van ons – soos Xtus dit ook openbaar het in sy verh. tot elkeen v. sy dissipels: veral gelet op Petrus ~~in die lewe van Petrus~~

Én vanmôre wil ons verder gaan: ons wil biddend probeer verstaan wat alles opgesluit was in die eerste danksseggingsdiens op aarde gehou – die danksseg. diens, die verstaan ons 'n deel, so pas gelees het. Ons vra 'n aandag, geliefdes, om vir onsself saam met ons 'n beeld te vorm van hd. laaste onderwys in die Oppersaal: wat dit alles inhou & omvat. Want dis in dd. onderwys dat ons leer verstaan wat waaragtige opregte danksegging beteken vir die kind van God.

Judas is uit – op pad na die Joodse Raad om sy plan van verraad ten uitvoer te bring. Die Nagmaal, Xtus se nuwe verbond van liefde, is verby. ~~Nog~~ Xtus het nog 'n paar oomblikke, 'n enkele uur, oor om sy dissipels voor te berei vir alles wat kom. Getsemané, die Verhoor voor Pil. & die Kruisdood lê voor: die dissipels is bang, beangs, vol van huiwering & vrees. Hulle {besef iets gaan gebeur mr verstaan nie wat & / verstaan nie wat ~~gaan gebeur nie~~. alles is so geheimsinnig & onverklaarbaar. Duidelik begin hulle nou besef dat die kroon, wat van hulle gedroom het, in duie gaan val – en nou weet hulle nie wat heen nie.

Dan is dit dat Jesus hulle nadertrek na Hom – soos 'n moeder haar kinders beskermend nadertrek as gevaar dreig. Dan is dit dat hy hulle aanspreek soos Hy nog nooit vantevore gedoen het nie: „My Kinders nog 'n klein tydjie is Ek by julle." ~~Kan~~ Ons kan nie help om op te let dat dit die enigste maal was wat ons vertel word dat Jesus hulle so aanspreek. (soos in die oorspr. Gr. staan) n.d. verkleinwoord: „My Kindertjies". – Bewys van sy teer liefde, troue innig & diep & opregte hartlik begin Hy praat met hulle, woorde soos daar nog nooit gekom het uit die mond van 'n mens nie, woorde van troos & bemoediging, woorde van versterking & troue. woorde bedoel om hulle te dra in hulle toekstryd teen die „Bose". En heel aan die begin, net na die Nagmaals bediening, kom Hy met die nuwe lewensgebod as opdrag:

„My Kinders, 'n nuwe gebod gee Ek vir julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê."

Kom laat ons sien wat Xtus vir ons, sy gemeente, in hd. woorde wil sê.



„Die Oue & d. Nuwe i.d. Gebod": Xtus praat hier van 'n nuwe gebod v liefde wat Hy aan die dissipels gee. Hy het dus iets in sy gedagte 'n ou gebod van liefde wat hy aan hulle gegee het, aan sy dissipels bekend was – en ook aan die Joodse volk. Die ou gebod waaraan Hy dink is sonder twyfel die gebod van naasteliefde, reeds gegee aan Israel in Levitikus en ook deur Jesus opnuut aan die wetgeleerde gegee: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself". Al die dissipels, al die Jode was bekend met hd. gebod. Dit was vir hulle 'n ou, vasstaande, vanselfspr. voorskrif.

// Mr. as Xtus nou praat van 'n „nuwe" gebod dan dink Hy aan iets gans anders. Die woord „nuwe" het hier die betekenis van „beter," „hoër" „andersoortig". As Jesus dus praat van 'n „nuwe" gebod dan sê Hy dinee: 'n Heeltemal ander, hoër, ewigblywende gebod gee Ek julle – 'n gebod wat die wêreld nie ken & nie van weet nie, 'n gebod wat self die oue sal vervang: Dat julle mekaar sal liefhê, nie soos julleself, mr soos Ek julle liefgehad het". ~~Daarom~~ M.a.w: Xtus sê dus nie meer: Kyk na mekaar nie; mr. kyk na My, dink nie aan julle liefde vir mekaar nie, mr. dink aan My liefde vir julle – so moet julle mekaar liefhê. Nuwe gemeenskap: die broederskap v alle Xtne; Nuwe Opdrag – hele Xdom; > nuwe lewe, nuwe gees in hart mens

„Gee ek julle": Mr. wat dit nog wonderliker maak is d feit dat Jesus sê: Hd. enige, blywende gebod gee Ek aan julle. Dis asof Jesus daarmee sê: Dis nie 'n gebod wat ek julle voorskryf nie, dis nie 'n ding wat ek vir julle wil preek nie, dis nie 'n bevel wat ek dwing wat uitgevoer moet word nie – dis nie 'n onmoontlike eis wat ek julle oplê omdat ekself dit nie wil uitvoer nie — Nee, dit is My eie Lewe wat ek

aan julle toevertrou: dat julle sal kyk na my lewe, kyk na my voorbeeld, kyk na my wandel & omgang, kyk na alles wat ek aan julle gedoen het: dit is wat ek van julle vra: Dat julle mekaar só sal liefhê soos [julle elkeen weet dat] Ek elkeen v. julle liefgehad het!"

— Dat Xtus dit kan waag om sulke mense soos die diss. & ons, te vertrou om so 'n gebod te kan uitlewe! — Dat Hy so baie v. ons dink! Dink net daaraan dat hy so 'n werk toevertrou aan mense soos Petrus & Thomas, aan mense soos u & my! „'n Nuwe gebod gee ek julle dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê" // En let op: dis nie 'n gebod vir die wêreld, die ongelowige, die heiden nie — dis 'n gebod vir sy dissipel, vir die volgeling wat die brood & die wyn uit sy hand ontvang het! Dis 'n gebod bedoel & gegee aan „julle," sê X. aan elkeen van ons wat verlede Sondag vantevore gemeenskap gehad het aan die tafel v.d. Heer! → Judas nie ingesluit.

Soos Ek julle liefgehad het: Mr. om hd. gebod te kan verstaan & te kan uitlewe, moet ons eers & bo alles verstaan: Hoe het Xtus sy dissipels liefgehad? (Wat bedoel Hy as Hy sê: Soos Ek julle liefgehad het?)

Ons wil veral net 3 groot kenmerke van Sy liefde noem: Xtus het liefgehad met: ~~Xtus se liefde was~~

① 'n liefde wat altyd gedien het
② .. .. .. altyd die kwaad aan die lig gebring het.
③ .. .. .. homself geoffer het.

① 'n Liefde wat altyd gedien het: Nooit het Jesus gesoek om gedien te word nie; altyd het hy gesoek om ander te dien, om in onselfsugtige liefde sy dissipels & sy mense voor te gaan. Nooit was daar die minste sweem van lofsug of eie eer



of hoogmoed in sy lewe: altyd kry ons hom as die mens wat soek om te help, om te versorg, om siekte te genees, om mense se siele te reinig, om ander voor te gaan in d. nederigheid van sy diens. Het vantevore was dit Hy, wat toe die dissipels gestry het oor wie die vernaamste was, die wasbak geneem het & hulle voete gewas het. Die werk wat ons soms as 'n vernedering sal beskou, het Hy as 'n eer geag om daardeur aan die wêreld te wys: Die grootste onder ons is die een wat dien.

② Liefde wat kwaad a.d. lig bring: Mr. Xtus se liefde vir die syne gaan nog oneindig dieper: dis nie net 'n sentimentele, oppervl. liefde nie soos ons baiekeer geneig is om te dink, Mr. dis 'n diep — opregte, brandende liefde, wat nie skroom om sonde & kwaad in die lewe van sy volgelinge aan die lig te bring nie. Want Xtus het geweet: 'n liefde wat nie bereid is om die verkeerde in die lewe van jou medemens te openbaar nie, is 'n baie angsvallige, hulpelose, onwerk. liefde: // Jy doen 'n onreg aan jou naaste as jy die verkeerde in sy lewe sien aan jou gedoen en jou liefde jou nie dring om dit aan hom te gaan vertel nie: Kos wat dit wil! Enigste manier om te genees!

En dan was Jesus soms meedoënloos in sy liefde tot sy dissipels, dan het sy woorde soms so diep gesny in hulle harte, dan het sy liefde hom onverbiddelik gemaak waar dit sonde gegeld het in die lewe van sy mense:

= Dink aan Petrus — hoe hard ~~Hy~~ hom soms moes aanspreek
– Dink aan sy eie moeder, broers & susters: hoe hy hulle hulle dwaling bekendgemaak het.
– Dink aan ~~Hoe~~ Martha, Thomas hoeveel ander: waar dit die sonde gegeld het in hulle lewes,

daar het hy nie geskroom om op 'n wonderlike mooi manier mr ook met ferm beslistheid, dit klaar te lê nie!

En hoe dankbaar was hulle almal daarvoor op die ou end, al was dit nie makklik & lekker om dit aan te hoor nie!

(3) 'n liefde wat homself geoffer het: Mr. alles hd. dinge is nog nie genoeg nie - daar is nog 'n kant van Xtus se liefde wat die diepste van alles gaan: dis die liefde wat homself nie gespaar het nie, mr. ~~hom~~ hom aan hulle gegee het in al sy volheid. Xtus het homself aan die syne gegee: sy hele lewe het hy aan hulle, aan sondige mense gewy, om hulle die nuwe lewe in God te openbaar; mr. hy het verder gegaan: hy het in hulle plek, vir hulle skuld & sonde gaan sterwe. Sy hart het ~~so~~ gebloei en seergekry vir elke sonde deur hulle begaan: nooit het hy gesê: „Ek het niks met julle sondes met al julle misstappe en verkeerde dade te doen nie-" altyd het hy vir hulle ingetree tot op die einde toe, Hy homself vrywillig oorgegee het om in hulle plek te sterwe!

Dít was die liefde w/mee Xtus die syne liefgehad het - liefgehad het tot die einde toe.

En nou kom hy met sy groot opdrag:

„Soos Ek julle liefgehad het, so moet julle mekaar liefhê" Amen

So moet julle mekaar ook liefhê" wat beteken dit vir ons as gemeente? ~~van Wellington~~ ?

Wat beteken dit vir my, vir elkeen van ons persoonlik? // Dit beteken eenvoudig dit dat ons liefde tot mekaar net so diep en opreg en innig sal wees as wat Xtus s'n vir sy dis. was.



(1) Dien: Dit beteken dat ons mekaar sal dien, dat ~~ons~~ die een die ~~mekaar~~ ander se voete sal was, dat die een die ander hoër sal ag as homself. Dit vra van ons miskien baie meer as wat ons besef :-// om te dien beteken o.a. dit dat die van:

- Ons wat ryk is die armes sal dien en ophef;
- Ons " bevoorreg " " onbevoorregtes sal bystaan & help;
- Ons " begaafd " " misdeeldes " dien met ons gawes;
- Ons " 5 talente ontvang het die sal behulpsaam wees wat net een talent ontvang het;
- Ons " sterk is die swakkes sal ondersteun & lei.

Dit is ware liefdesdiens dat ek en elkeen van ons ~~& waardigheid~~ ons ~~eie~~ posisie en status en stand en prestige nie krampagtig wil vashou en selfs beskerm nie, mr. onsself sal vergeet in ons nederige diens van self die geringste in ons gemeentelede. Dit is ware liefdesdiens dat ~~ons~~ ek nie ~~ons~~ my waardigheid soek in ~~ons~~ my huise, in ~~eie~~ my rykdom, in ~~eie~~ my posisie & amp nie, mr in die liefde wat daar brand in my hart vir elkeen van my mede-Xtene!

(2) Kwaad openbaar: Mr. my liefde, as dit soos Xtus s'n moet wees, beteken ook dat ek bereid sal wees om die kwaad in die lewe wat ~~van~~ my broer ~~te~~ teen my begaan het ~~sien en dit~~ aan hom ~~te~~ sal uitlê (openbaar)! Dit sal van my eis dat ek my mede-Nagmaalganger so lief sal hê dat ek die kwaad & sonde by hom sal wil help wegneem & regmaak - ~~nie~~ soos Xtus dit reggemaak het! Dit sal meen dat as my broer teen my gesondig het, ek nie agteraf met verkeerde motiewe met ander daaroor sal gaan praat nie, mr. in opregtheid ~~met~~ na hom te gaan en in sy belang dit te openbaar. En dit moet ek nie alleen doen teenoor my vriende nie, mr. ook teenoor my bitterste vyand - en altyd met die doel om hom te red, & help. ~~nie om myself te beoordeel~~

Mr ware liefde gaan nog dieper – oneindig dieper!
③ Offer: as my liefde soos my Meester s'n moet wees, dan moet ek sover kom in my lewe dat ~~ny~~ my hart moet ~~ween in liefde~~ bloei vir elke sonde deur een van my mede-Xtene begaan! So diep en eg moet ons liefde wees dat ons bereid sal wees om ons eie lewe op te offer as dit die sonde van ons mede-Xtene kan wegneem. Solank as ons nog die houding inneem van: „Ek het niks te doen met dd. man ~~of vrou~~ se sonde en misstappe nie – dit gaan my nie aan of hulle verkeerd drink of lewe nie" – solank het ons nog nie die liefde van Xtus in ons nie! Eers wanneer ons sover kom om te kan sê: „Ek sal alles op aarde doen om die sonde in die lewe van my man, my vrou, my kind, my vader, my buurman uit die weg te help ruim" – eers dan begin ons iets van Xtus se liefde in ons lewes kry // ~~Hoe~~ Het Vraag: // Ek sal al ons al sover gebring dat ons kan sê my tyd, my kragte, my geld, {my lewe / my naam} opoffer om ~~om~~ die ontrou, die jaloesie, die oneenstikheid, die haat, die wrok, die ~~[illegible]~~ onreinheid, die swakhd in die lewe van my mede-Xten weg te neem? Want dit is my opdrag, my heilige Xtel. plig? Dit is my ewige liefdesroeping deur Xtus self my opgelê!

[Weet u, geliefdes, wat sal gebeur as dd. liefde ons harte beziel en vervul? Die hele ~~Wellington~~ [illegible] sal dit merk en sê aan mekaar soos 'n heiden in die ze eeu v.d. Xtene gesê het: „Kyk hoe lief het hulle mekaar" Almal sal ons uitken & sê: Dd. mense is navolgers van Xtus: Kyk hoe lief het hulle mekaar!]

Danks-diens > Danks-daad!

– 'n Nuwe gebod gee Ek vir julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê."